Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2018

GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel.

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme	**30%** **(15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne	**40%** **(20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekking	**30%** **(15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte word toegeken (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.

Paragraafvraag

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee kort kommentaar bv.

  _____ . _____ . _____
  _____ . _____ . _____
  √√√√

Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van ’n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is (ook aangedui met kolpunte in die nasienriglyne/memorandum) en ’n relevante slotopmerking (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. vir ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle:

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

*Riglyne vir die toekenning van ’n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS DIE KOUE OORLOGSPANNING TUSSEN DIE USSR EN DIE VSA IN DIE 1960's VERERGER?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Konflik tussen die Weste en Ooste (kapitalisme en kommunisme) wat nie 'n oorlog geword het nie
- 'n Staat van politieke en militêre spanning na die Tweede Wêreldoorlog tussen die magte in die Oosblok en magte in die Westelike blok wat in Kuba plaasgevind het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Khrushchev se besluit om missiele in Kuba te plaas. (1 x 2) (2)

1.1.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]
- Die wêreld sou dink dat die USSR gelyk aan die VSA was
- Die VSA het missiele in Turkye geplaas daarom wou die USSR dit teenstaan. (2 x 1) (2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Dit sou die VSA keer om Kuba aan te val
- Dit sou die VSA leer hoe dit sou wees om deur nabygeleë kernwapens omring te word (2 x 1) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Wou nie hê die VSA moes weet van die missiele wat in Kuba geplaas is nie
- Wou nie alarm maak nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Die Sowjetunie het offensiewe missiele gebou
- En bombasisse in Kuba (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Die missielbasisse het kernmissiele gehad
- Die missiele het 'n omvang van 3 500 km gehad (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Hy het probeer om die krisis vreedsaam op te los
- Hy was beide aggressief en diplomaties
- Kennedy het bewys dat hy in beheer was
- 'n Blokkade is ingestel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Kuba is gebruik deur die Sowjetunie om missiele te ontplooi
- Kuba is bedreig deur die militêre mag van die VSA
- Waagmanskap het die USSR en Amerika betrek en het Kuba geïgnoreer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.5 [*Interpretasie, evaluering en analise van die geloofwaardigheid van bewyse uit Bron 1B – V2*]

GELOOFWAARDIG
- Koerantartikel kan as eerstehandse inligting beskou word
- Uittreksel uit Kennedy se toespraak op 22 Oktober 1962
- Enige ander relevante antwoord

ONGELOOFWAARDIG
- Slegs die siening van ŉ Amerikaanse koerant
- Die USSR se standpunt is nie verteenwoordig nie – ongebalanseerd
- Die koerant gee nie redes vir die ontplooiing van missiele in Kuba nie
- Die *New York Times* openbaar nie Amerikaanse aggressie teenoor die Sowjetunie nie
- *New York Times* blameer Sowjetunie en Kuba vir die krisis
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Spel van arm-druk verwys na die Kubaanse Missielkrisis
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- Toon leiers van die USSR en die VSA se arm-druk oor missiele in Kuba
- Die Koue Oorlog het amper uitgebreek in ŉ 'warm' oorlog (kernoorlog)
- Leiers was onder geweldige druk
- Die Koue Oorlog het hierdie leiers (Khrushchev en Kennedy) se vermoë om onder druk te werk, getoets
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Evaluering van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Kernoorlog
- Vernietiging van beide die VSA en die USSR
- Vernietiging van die res van die wêreld
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Onttrekking en evaluering van bewyse uit Bron 1B en 1C – V3]*
Kandidate moet verduidelik hoe Bron 1B en 1C mekaar oor Koue Oorlogspanning in Kuba aanvul
- Bron 1B weerspieël hoe die VSA gereageer het op die ontplooiing van missiele in Kuba en was gereed om die krag van die USSR te konfronteer en uit te daag terwyl Bron 1C die spanning tussen die VSA en die USSR toon
- Bron 1B toon dat die VSA gereed is om militêre aksie te gebruik, terwyl Bron 1C die krisis byna in ʼn kernoorlog laat ontaard het; beide het hul vinger op die kernmissiele gehad
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Om alle werk op missielbasisse in Kuba te eindig
- Om die missiele te onttrek en onbruikbaar te maak (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Vasstelling van bruikbaarheid van Bron 1D – V3]*
BRUIKBAAR
- Verduidelik die korrespondensie tussen die leiers om die krisis op te los
- Hierdie brief gee insig in die eise van Kennedy se reaksie op Khrushchev se stelling
- Die inligting in die brief ondersteun die inligting in ander bronne
- Enige ander relevante antwoord

ONBRUIKBAAR
- Die brief is ʼn uittreksel en daarom nie omvattend nie
- Geen inligting om ʼn mening te vorm nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Die supermagte het hul Koue Oorlog wedywering na Kuba uitgebrei (Bron 1A)
- Die VSA het missiele ontplooi op die Sowjet-grense (Bron 1A)
- Die USSR het gereageer deur missiele in Kuba te plaas (Bron 1A)
- Die VSA het reageer met ʼn blokkade in Kuba (Bron 1B)
- Die VSA het gedreig om Kuba binne te dring as missiele nie verwyder word nie en die USSR het die VSA versoek om missiele in Italië en Turkye te verwyder (Bron 1B)
- Die VSA en die USSR se aggressiewe reaksie het die Koue Oorlog vererger
- Beide het uiteindelik ingegee en die krisis is afgewend
- Die supermoondhede het besluit om kommunikasielyne (rooi telefoon) oop te maak (Eie kennis)
- Hulle het ook die kerntoetsverdrag onderteken (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Kubaanse missielkrisis die Koue Oorlogspanning tussen die VSA en die USSR verskerp het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie.	**PUNTE: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Kubaanse missielkrisis die Koue Oorlogspanning tussen die VSA en die USSR verskerp het.** • Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier.	**PUNTE: 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **toon ŉ deeglike begrip deur te verduidelik hoe die Kubaanse missielkrisis die Koue Oorlogspanning tussen die VSA en die USSR verskerp het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip toon van die onderwerp.	**PUNTE: 6–8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAT WAS DIE REDES VIR DIE STIGTING VAN DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE VSA IN DIE 1960's?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Afro-Amerikaners het dit gesien as 'n kreet teen die blankes wat al die hulpbronne in 'n wit oorheersende samelewing gehou het
- Manier om die status van Afro-Amerikaners in die samelewing te verhef
- Om hulself in die Amerikaanse samelewing te verhef

(Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 2A – V1]*
- 'n Opvatting deur Afro-Amerikaners om bymekaar te kom, hulself te verenig en te organiseer sodat hulle kan praat uit 'n posisie van krag/mag eerder as swakheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Stokely Carmichael
- Malcom X (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2A – V3]*
Die bron is bruikbaar omdat:
- Dit die redes vir die totstandkoming van die Swartmagbeweging aandui
- Dit noem prominente leiers van die Swartmagbeweging
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Vir selfverdediging
- Die geskiedenis van ongepubliseerde geweld teen swartes
- Swartes is weerloos aan die genade van 'n meedoënlose en gewelddadige rassistiese bende gelaat (Enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Hulle is onregverdig behandel
- Daar is gediskrimineer teen hulle
- Hulle was sleg behandel
- Hulle was mondelings en fisies geteister en mishandel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Hulle was teen die proses van desegregasie
- Hulle wou wit oppergesag behou
- Nie bereid om gelyke behandeling met Afro-Amerikaners van die Suide te hê nie
- Die Suide het rassediskriminasie beoefen
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Massa-moordenaars
- Bomwerpers
- Ophangers ('Lynchers')
- Die wat andere gesel/slaan
- Wreedaards
- Uitbuiters (Enige 3 x 1) (3)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Om guerrilla-oorlogvoering te preek
- Om hervorming te eis
- Selfhulp te eis (3 x 1) (3)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Wees trots op wie jy is / swart trots
- Dit gaan nie oor kleur nie, maar geestelike bevryding
- Afro-Amerikaners moet trots wees op hulself en moet selfversorgend wees
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Afro-Amerikaners moet sonder hulp van wit Amerikaners dinge op hul eie doen
- Hulle moet mekaar bewus maak van hul politieke, ekonomiese en kulturele regte
- Hulle moet onafhanklik wees
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Afro-Amerikaners moet hulself teen wit rassiste beskerm
- Die dapperheid van Afro-Amerikaners
- Die solidariteit van Afro-Amerikaners
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Die foto het solidariteit onder Afro-Amerikaners meegebring in die stryd teen onderdrukking
- Dit het die stryd teen Afro-Amerikaners gesimboliseer teen segregasie en diskriminasie
- Dit toon die dapperheid van Afro-Amerikaners teen rassediskriminasie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 [*Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2D – V3*]
- Bron 2B verwys na die Afro-Amerikaners se reg op selfverdediging terwyl Bron 2D Afro-Amerikaners teen ŉ wit rassistiese bende verdedig, voorstel
- Bron 2B bevestig die reg van ŉ burger om wapens te dra terwyl Bron 2D wys dat Afro-Amerikaners wapens en vuurwapens dra
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Om die wit oorheersende samelewing uit te daag (Bron 2A)
- Verhoog die status van swartes (Bron 2A)
- Om die geweld en wreedheid van blankes teen te werk (Bron 2B)
- Dit is deur Afro-Amerikaners van verskillende agtergronde gebruik, bv. liberale (Bron 2C)
- Om swart trots en selfvertroue te bevorder (Bronne 2A en 2C)
- Stokely het selfversorging bevorder (Eie kennis)
- Om Afrika-kultuur te vier en die skoonheid van Afrika te bevorder
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse bv. t**oon min of geen begrip vir die redes vir die stigting van Swart Mag.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie.	**PUNTE: 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip vir die redes vir die stigting van die Swart Mag.** • Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf.	**PUNTE: 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv**. demonstreer ŉ deeglike begrip vir die redes vir die stigting van die Swart Mag.** • Bewyse sluit goed aan by die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp.	**PUNTE: 6–8**

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 3: GEVALLESTUDIE – CHINA

[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet standpunt inneem en aandui in watter mate Mao Zedong se Groot Sprong Vorentoe Beweging (1958 – 1961) en sy Groot Proletariese Kulturele Rewolusie (1966 – 1976) versuim het om sy gewenste transformasie van die Volksrepubliek van China teweeg te bring.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul opstelle in te sluit:

Inleiding: Kandidate moet Mao Zedong se onsuksesvolle poging om China te omskep in ŉ moderne, industriële staat wat sy groeiende bevolking kon voed en terselfdertyd, Maoïstiese denke kan weergee (die oorspronklike Chinese rewolusie van 1949), met verwysing na die tydperk 1958–1976 krities bespreek.

UITBREIDING

- Mao se Tweede Vyfjaarplan (Groot Sprong Vorentoe) geïnspireer deur ekonomiese sukses van die Eerste Vyfjaarplan en die noodsaaklikheid van China om ontslae te raak van sy ekonomiese afhanklikheid van die USSR
- Vestiging van 'kommunes' (kollektivisering) en die aanmoediging van klein industrieë op die platteland
- Konstruksie van groot besproeiingskemas en damme deur arbeiders en boere om die landbou te verbeter
- Die Groot Sprong Vorentoe was ŉ volslae mislukking
- Dwang, terreur en sistematiese geweld was die grondslag van die Groot Sprong Vorentoe; boerebedrywe het nie geskikte kundigheid gehad nie dus was die produksie van swak gehalte
- Versuim van die regering om vinnig en effektief te reageer op rampspoedige hongersnoodtoestande (1959–1961)
- Mao het aangedring op hoë graanuitvoer-kwotas nieteenstaande duidelike bewyse van swak oeste, mislukte oeste en moeilike weersomstandighede
- Skeiding van die USSR en die feit dat enorme hoeveelhede beleggings slegs beskeie produksiestygings gehad het, het China in ŉ totale ekonomiese krisis gedompel
- Mao het in 1959 bedank as President van China maar het sy pos behou as voorsitter van die Chinese Kommunistiese Party
- Liu Shaoqi (die nuwe President van China) en die hervormer, Deng Xiaoping, (KPC Algemene Sekretaris), het die ekonomie oorgeneem

- Mao het sy tyd uit die regering gebruik om sy idee van 'voortdurende rewolusie' (PKR) te bevorder, en daarop aangedring dat hy sy handelsmerk van Kommunisme en sy persoonlike aansien binne die party herstel
- Daarom: die hereniging van Maoïstiese denke as dominante ideologie binne die KPC; uitwissing van kapitalisme en tradisionele elemente, en herwinning van mag wat Mao na die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe verloor het
- Is na die spits gedryf deur die Peoples Liberation Army Rooi Wagte (Red Guards), Chinese Jeug en Mao se Klein Rooi Boekie (Little Red Book) wat as propaganda gebruik was
- Die Kulturele Rewolusie het gefaal om enige effek te hê op sy verlangde transformasie van China
- Politieke veldtogte het versprei na die weermag, stedelike werkers en die Kommunistiese Party leierskap, wat wydverspreide faksies en onenigheid op alle vlakke van die samelewing veroorsaak het
- ŉ Persoonlike verering het teen 1968 tot uitermatige proporsies gegroei en het ŉ posisie van groot mag tot gevolg gehad
- Voorvalle van wye omvang van mishandeling: openbare vernederings, arbitrêre gevangenisskap, marteling, hande-arbeid, volgehoue teistering, beslaglegging van eiendom en somtyds teregstelling
- Anti-kommunistiese historiese aandenkings, artefakte, kunswerke, boeke en monumente is vernietig terwyl kulturele en godsdienstige plekke geplunder is
- Skole en universiteite is geforseer om te sluit – wat hoë vlakke van ongeletterdheid en nie-geletterdheid veroorsaak het
- Sosiale anargie: Die Rooi Wagte oorskry die weermag, plaaslike polisie outoriteite en die wet in die algemeen, want sentrale offisiere het beperkings op gewelddadige optrede opgehef tussen 1966 en 1968
- Baie van die ekonomiese aktiwiteite het in 1968 opgehou want 'rewolusie' onverskilligheid was China se primêre doel.
- Tussen 1966 en 1968 was China internasionaal geïsoleer, en het hul vyandigheid teenoor die Sowjetunie en die Verenigde State verklaar
- Mao is daarom geforseer om nuwe opdragte te gee om geweld te onderdruk en om vrede te herstel
- Die dood van Mao en die arrestasie van die 'Bende van Vier' (1976) het pro-kapitalistiese hervormers, gelei deur Deng Xiaoping, toegelaat om Maoïstiese wette wat met die Kulturele Rewolusie te make gehad het, te ontbind

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

VRAAG 4: ONAFHANKLIKHEID IN DIE 1960's EN 1970's VAN AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede.]

SINOPSIS

By die skryf van hierdie opstel moet kandidate die ooreenkomste en verskille in leierskap tussen Mobutu Sese Seko (Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) evalueer om die politieke en ekonomiese beleid van hul onderskeie lande te transformeer. Hulle moet relevante bewyse verskaf om hul gedagterigting te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigting stel ten opsigte van die leierskap tussen Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere en aandui hoe hulle beplan om dit te ondersteun.

UITBREIDING

Politieke transformasie van die Kongo en Tanzanië

Ooreenkomste:

- Beide die Kongo en Tanzanië was tot die vroeë 1960's onder Europese koloniale heerskappy
- Nadat veelpartyverkiesings vir onafhanklikheid gehou is, het albei state binne die eerste 5 jaar na onafhanklikheid, eenpartystate geword
- Beide lande het aangehou om verkiesings te hou
- Albei leiers beklemtoon die belangrikheid van Afrikanisering van hul politieke stelsels (hulle beskou demokrasie as 'nie-Afrika' en 'n Westerse opvatting)
- Die leiers van beide lande (Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere) het tussen die 1960's en 1970's as lewenslange presidente aangebly
- In beide lande is opposisieleiers stil gemaak, gevange geneem en in sommige gevalle vermoor
- Beide Mobutu Sese Seko en Nyerere was trots op hoe hulle hul nasie opgebou het en met trots verkondig dat dit 'n eer is om 'n Zaïrees of Tanzaniër te wees

Verskille:

- Mobutu Sese Seko het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangestelde staatsamptenare hul posisie vir finansiële voordeel misbruik het, waar Nyerere die 'Leierskap Kode 'in die Arusha-verklaring ingestel het, wat hoë vlakke van integriteit van staatsamptenare vereis het
- Mobutu Sese Seko was spandabelrig en het duur klere geniet en het spoggerige paleise vir homself gebou terwyl Nyerere se leierskapstyl een van persoonlike integriteit en nederigheid was
- Mobutu Sese Seko het homself met die Weste verbind terwyl Nyerere 'n beleid van nie-verbintenis met kapitalistiese en kommunistiese lande aangeneem het

Ekonomiese transformasie van die Kongo en Tanzanië

Ooreenkomste:
- Beide lande het hewig op landbou en minerale ontginning gesteun en nie een van die lande was in staat om ŉ geloofwaardige vervaardigingsektor op te bou nie
- Nie een van die lande het ŉ sigbare toename in die lewenstandaard van sy mense getoon nie
- Beide lande het ekonomiese krisisse beleef en daarom was hulle aangewese op buitelandse hulp

Verskille:
- Mobutu Sese Seko het aanvanklik die industrie genasionaliseer met sy beleid van Zaïrianisasie, maar toe dit nie slaag nie, het hy ŉ kapitalistiese model aangeneem. Julius Nyerere het ŉ Afrika sosialistiese model (soos uiteengesit in die Arusha Verklaring) aangeneem, wat gelei het tot die nasionalisering van besighede en die land
- Mobutu het hulp, beleggings en finansiële bystand van die Weste aanvaar (veral VSA en Frankryk); Julius Nyerere was aanvanklik gekant teen buitelandse hulp (hy het dit as neo-kolonialisme gesien)
- Mobutu het ŉ nuwe klas van elite ondersteuners geskep; Nyerere het probeer om van klasseverskille in Tanzanië ontslae te raak
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

VRAAG 5: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

[Beplan en konstrueer oorspronklike argumente wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet kortliks die rol en invloed verduidelik wat Martin Luther King Jnr. in die Burgerregtebeweging gespeel het en aandui of dit vryheid en gelykheid vir Swartes in die VSA bekom het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Hulle moet melding maak oor waarom die Burgerregtebeweging plaasgevind het en Luther se rol en invloed bespreek.

UITBREIDING

- Agtergrond vir redes vir die Burgerregtebeweging: Segregasie en diskriminasie
- Montgomery Bus-boikot: Rosa Parks se protesaksie het die beweging verander (boikot duur ŉ jaar)
- Martin Luther King het prominent geraak en gevra vir niegewelddadige massa-protes om segregasie en rassisme te beëindig. Hierdie metode is gebruik deur Henry David Thoreau en Gandhi
- 'Vryheidsryers' toets of die Federale regering bereid was om segregasie op die nasionale busstelsel te verhoed en onwettig te verklaar (*Boynton v. Virginia 1960*)
- In Alabama was een bus met vuur gebombardeer en ŉ tweede bus se passasiers aangeval
- Sitstakings: Vier swart studente van Noord-Carolina het in ŉ blanke eetplek gesit en was gesê dat hulle nie bedien sou word nie. Sitstakings het ŉ nuwe manier van protes teen segregasie van publieke fasiliteite geword
- Opmars na Washington: Om druk te plaas op die Kongres om nie die nuwe siviele regte wet te aanvaar nie, het meer as 200 000 mense getrek, MLK –'*Ek het ŉ droom*'. Een van die grootste politieke demonstrasies, ŉ model van vreedsame protes
- Burgerregtewet van 1964: Die wet het segregasie van publieke akkommodasie opgehef, het die federale regering die reg gegee om skole te desegregeer, vervolg individue wat mense se siviele regte ontneem, verban diskriminasie in die werkplek en stig die EEOC ('Equal Employment Opportunity Commission')
- Wet op Stemreg van 1965: Aangespoor deur protesaksies en die President, het die Kongres hierdie wet geproklameer wat struikelblokke soos geletterdheidstoetse onwettig verklaar het en die federale regering in staat gestel het om toesig oor kiesersregistrasie te verkry. Swart deelname het vanaf 7% in 1964 tot 70% in 1968 toegeneem
- Dr. Martin Luther King (Jnr.) is vermoor deur ŉ skerpskutter op 4 April 1968 wat nasionale rou sowel as betogings in meer as ŉ 100 stede teweeggebring het

- Die betogings: Frustrasie oor diskriminasie en armoede was die ergste in New York, New Jersey en Detroit, Michigan in die somer van 1967. Swartes gebruik geweld teen polisie en wit besigheidseienaars in swart woonbuurte.
- Trots en respek herwin
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat deur te verwys na die sukses van die Burgerregtebeweging om verandering in die VSA teweeg te bring. **[50]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorgehou